ATKV

**Vir onmiddellike vrystelling**

**22 April 2024**

# Voormalige ATKV-Crescendo-finalis vier ubuntu in musiekvideo

“What starts with me, ends with you,” is die boodskap wat voormalige ATKV-Crescendofinalis en sanger-liedjieskrywer Selby Williams (30), 'n boorling van Worcester, in sy musiekvideo *Unhu hwangu* wil oordra.

*Unhu hwangu*, ’n Shona-vertaling van *ubuntu*, is vir Selby ’n herinnering dat mense mekaar nodig het. “Mense is so geneig om net aan hulself te dink en nie ander te help nie. Ek glo daar kom altyd 'n tyd waar jy van iemand anders afhanklik is. Soms moet jy op ander steun al is jy hóé ryk, hóé slim en hóé sterk.”

Hy vertel dat hy juis met die skryf van die liedjie ’n ubuntu-ervaring gehad het. “In ’n stadium het ek vasgehaak. Ek het nie geweet hoe om verder te gaan nie en het vir Marsha Bothma genader. Nie net het sy gehelp om die liedjie te skryf nie, maar sy is ook te sien op die musiekvideo saam met my.”

*Unhu whangu* is saam met *Verewig en nou* een van die snitte op Selby se debuutalbum *Hier is ek,* vrygestel deur ATKV-Crescendo in Augustus 2023.

## Selby Williams se reis saam met ATKV-Crescendo

- Selby Warren Keith Williams is gebore en getoë in Avianpark, Worcester, wat beskou word as een van die gevaarlikste areas in die Wes-Kaap.
- Hy is die tweedeoudste van vier kinders. Sy liefde vir musiek het begin toe hy saam met sy ouma liedjies, wat oor die radio speel, gesing het.
- As 'n skaam tiener het hy sy selfvertroue in musiek gevind. Ten spyte van die feit dat hy 'n paar keer sangkompetisies gewen het, het hy homself nog nooit as 'n sanger/liedjieskrywer beskou nie.
- Ná skool het hy by 'n gemeenskapsorganisasie aangesluit wat hom nie net die kans gegee het om sy musikale loopbaan te ontwikkel nie, maar hy het ook die voorreg gehad om oorsee te reis en in wêreldbekende teaters op te tree.
- Hy het ingeskryf vir die ATKV-Crescendo se mentorskapprogram en die res is geskiedenis. “Die mentorskapprogram het my met ander oë na myself laat kyk. Die mentors het groot waarde in my kuns gesien. Ek kon nie glo hoeveel die ATKV bereid was om in my te investeer nie.”

**Sosiale media**

- Instagram: https://www.instagram.com/selbysello
- Facebook: https://www.facebook.com/selbykeith.williams

Vir meer inligting of onderhoude, kontak Marlize Leyden by marlize.leyden@outlook.com of 067 883 0077.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging MSW-registrasienommer 1962/005157/08 NWO-nommer 001-260
ATKV-gebou, Surreylaan 348, Randburg; Posbus 4586, Randburg, 2125
Tel.: 011 919 9000 Faks: 011 919 0220
Webwerf: http://www.atkv.org.za E-posadres: atkv@atkv.org.za

Direkteure: dr. MF le Roux (voorsitter) mnr. DW Lotter (visevoorsitter) me. DS van der Breggen* (besturende direkteur)
me. CD Flemming mnr. PA Geldenhuys mnr. BR Paulse prof. GJ Rossouw prof. SC Smith mnr. TJ Truscott*
mnr. JC Schoeman (maatskappysekretaris: ATKV-groep) *uitvoerend